Transformasie in terapie:
‘n Reisjoernaal van pastorale betrokkenheid in ‘n Suid-Afrikaanse multi-geloofsgemeenskap

Jan-Albert van den Berg

Sharmaine is ‘n Indiërvrou met ‘n Hindu-geloofsoriëntasie. Terwyl sy op ‘n dag by die werk is, sterf haar man onverwags op ‘n jong ouderdom. Uit berigte wat ek ontvang, is dit duidelik dat ‘n besoek by haar aan huis die aangewese manier is om uit te reik en haar in die verwerking van haar man se dood by te staan. Tydens die besoek figureer die godsdienstige agtergrond van die gesin sterk in onder meer godsdienstige Hindu-simbole wat aanwesig is. Tydens die gesprek praat sy oor haar verlies en worsteling met God. Ek doen met haar toestemming ‘n gebed vir haar en haar kinders.…

Arnold Smit

Op reis …

Transformasie op verskeie vlakke in ons hedendaagse samelewing het daartoe gelei dat ons as Christene bewus word dat ons eie teologiese integriteit op die spel is indien ons nie ander (godsdienstige) reisigers langs die pad ontmoet nie.

In die kies van ‘n narratiewe hermeneutiese praktiese teologie val die naald van die kompas op diepgaande betrokkenheid by mekaar. Met dit in gedagte vertrek ons op reis op ‘n tweespoor paadjie deur Suid-Afrika waarvan die een spoor ons die stof van kontekstualiteit laat proe en die ander spoor ons op die snelweg van die netwerke van verhoudinge lei.

‘n Moontlike wyse van reis deur dialoog …

In ‘n moontlike beskrywing van hoe ons as Christene saam met ander in Suid-Afrika pastoraal op reis kan gaan, laat lei ons ons graag deur die volgende aanwysers vir ‘n moontlike gespreksroete.

- **Die luister na mekaar se verhale**

Deur van biografiese en outobiografiese stof gebruik te maak, word diskoerse van persoon en kultuur op ‘n nie-bedreigende wyse aan die orde ge-stel. Sentraal is die narratiewe metafoor wat onder meer veronderstel dat ons verhale: lewens bepalend is, konteks bepaald is, meervlakkig van aard is met dominante en alternatiewe beskrywings en dat die verteller die beste gids van ‘n eie verhaal is. Veral die inperkende aard van kultuurbepaalde diskoerse word ontbloot ten einde ruimte te skep vir die ontwikkeling van ‘n nuwe verstaan.

- **Bevestiging van mekaar in die gesprek(ke)**

Dit is in die betrokkenheid by ander dat ons tot die ontdekking kom dat daar ‘n verskil is om net ‘n toeskouer te wees en om aktief deel te wees van ‘n proses van betrokkenheid. Die vreemdeling se potensiaal om ‘n leermeester te wees, word ernstig geneem. Dit beteken natuurlik nie dat ‘n eie geloofsoriëntasie met ‘n verbinding aan die Christelike geloof moontlik is nie. Dit lei egter wel daartoe dat ons onder andere minder vertrou op die vrae wat ons stel en meer vertrou op die noukeurige luister na ander.

- **Ontdekking van 'n moontlike struktuur in die gesprek(ke)**

Ons is ingestel op die demokratisering van die struktuur van die gesprek ten einde openheid en respek te fasiliteer. Dit vra vir 'n sensitiwiteit van die rol van mag in gesprek(ke). Dit gaan nie om die gespreksgenoot te verander nie, maar om eerder die ander se verhaal bewustelik te probeer verstaan. Dit lei daartoe dat 'n eerste of tiende gesprek altyd weer lei tot volgende ontdekkings wat vra om verken te word.

- **Bevraagtekening van 'n eie posisie**

Alleen die gespreksgenoot wat eie voorveronderstellings bevraagteken, kan dit waag om in 'n gesprek met ander te tree. Die bevraagtekening van 'n eie posisie, skep die moontlikheid om vanuit 'n "nie-wetende"-posisie die ander te verstaan. Ek vra onder meer na die invloed van kulturele waardes en norme wat weer persoonlike identiteit bepaal. Vir 'n persoonlike betekenis nuanse is dit goed om vir Arnold aan die woord te stel:

> *Waar ek tans as teoloog in die privaatsektor werk, omring van die kulturele- en godsdiensdiversiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing, het ek dikwels al moes nadink oor my teologiese wortels. Ek is geleer is om die Christelike geloof te verwoord en te verdedig. Ek het ander ook só geleer, toe ek nog predikant was en gepreek het. Nou is ek self midde in daardie konteks waarvoor ek aanvanklik soveel raad vir ander (lees Christene) gehad het en ek besef dat dit oor iets heel anders gaan, naamlik om genade aan ander te bedien. Dit is die toets vir die vraag of ander my sal nooi om ook na hulle reisjoernale te luister. Ek vermoed ek word nie deur die "ander" geraadpleeg omdat ek "die Weg" ken nie, maar omdat ek poog om 'n genadige reisgenoot te wees.*

In dié benadering word beklemtoon dat gebrokenheid en fragmentasie oorkom kan word deur versoening met ander. In Paulus se uitdra van die Evangelie met beklemtoning van God se genade (Handelinge 17:23-31) word 'n ruimte geskep waar mense in hulle meervoudige ervaringe deur God aanvaar word.

- **Die gesamentlike vind en die skep van nuwe horisonne**

In 'n gesprek gevul met betrokkenheid by mekaar word dit duidelik dat beide gespreksgenote tot 'n nuwe verstaan van mekaar kom. Dit lei egter nie net tot 'n beter verstaan van mekaar nie, maar open ook nuwe perspektiewe van die lewe. Die nuwe ruimte word onder meer deur gespreksgenote betree as voortdurend gesoek word na die betekenis van onder andere metafore en rituele eie aan mekaar se wêreld(e).

Nogmaals 'n voorsetting van die reis ...

Navigasie deur multi-geloofsgemeenskappe word dikwels bemoeilik deur uitgetrapte roetes wat nie nuwe uitsigte bied nie en net verder tot die erodering van bestaande probleemareas lei. In dié reistog deur Suid-Afrika is dit die vreemdeling(e) wat ons gevestigde standpunte uitdaag. As betrokke reisigers leer ander ons om die lewe nuut te verstaan.

> *Francois het berig ontvang dat Miriam Letswayo, een van sy spanlede, se pa oorlede is. Dit is sy taak om die nuus aan haar oor te dra. Hy is onseker oor wat hom te doen staan. Ek vra hom om dadelik eers een van haar beste vriendinne nader te roep om te kom help. Sy sal beter weet hoe om Miriam te ondersteun. Ek het al uit vorige ervarings geleer dat swartmense 'n doodsberig anders as witmense hanteer. Hulle huil en help mekaar anders as ons westerlinge. Francois en ek word omstanders van 'n proses van deelname aan die hartseer van Miriam deur swart vriendinne en kollegas. Deur liggaamlike kontak en bemoedigende woorde word Miriam gekalmeer totdat sy kan begin praat oor wat gebeur het. Die wit personeellede troos ook vir Miriam, maar op 'n meer formele wyse. Ons, so voel dit vir my, het die heilige grond van 'n ander kultuur betree. Ons het baie om te leer….*